

‘N TWEEDE KANS OM TE LEWE

‘n Bejaarde man van Singapoer wat die grootste deel van sy lewe ‘n Boedis was en toe ‘n Christen geword het, moes die vraag beantwoord: “Mnr. Lim, watter verskil is daar tussen die lewe van ‘n Boedis en van ‘n Christen?”

“Dis maklik,” het hy geantwoord, “vandat ek Jesus as my Verlosser gevind het, het ek ware vrede in my hart.”

Dit is wat gebeur wanneer ons Christus die middelpunt van ons lewens maak.

“U sal ‘n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U.” – Jesaja 26:3. (Tensy anders vermeld, word alles Skrifgedeeltes uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans geneem.)

Deur ‘n Christelike lewe te lei, ondervind ons volmaakte vrede – ‘n volmaakte gevoel van veiligheid en behaaglikheid.

Diegene wat hierdie ontdekking gemaak het, het die enigste manier tot ‘n tweede kans in die lewe gevind – Jesus!

1. WAT DIT VIR DIE VERLORE PERSOON BETEKEN OM GERED TE WEES

Dit is moontlik vir ‘n persoon wat fisies lewe om ‘n goeie lewe te voer, maar nog steeds dood te wees – dit is, geestelik dood.

“En julle het Hy lewend gemaak, WAT DOOD WAS DEUR DIE MISDADE EN DIE SONDES waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die [BOSE] GEES WAT NOU IN DIE KINDERS VAN DIE ONGEHOORSAAMHEID WERK.” – Efesiërs 2:1,2.

Satan lei ‘n persoon wat geestelik dood is op ‘n afwaartse spiraal van sonde en ongehoorsaamheid. Maar die wonderlike waarheid van die evangelie is dat God sulke gedoemde persone liefhet. Hy het hulle lief terwyl hulle dood is in hulle sonde, en bied aan hulle ‘n volle en vry verlossing van hulle verknorsing.

“Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, OOK TOE ONS DOOD WAS DEUR DIE MISDADE, LEWEND GEMAAK SAAM MET CHRISTUS – uit genade is julle gered - ... sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus.” – Efesiërs 2:4-7.

God het ons liefgehad toe daar niks in ons was om lief te hê nie. Sy genade het in ons ‘n nuwe lewe in Christus geskep. Ons kan nie onself verander nie, maar God kan. Wanneer ons na Hom toe kom in geloof en onderdanigheid, gee Hy aan ons ‘n tweede kans op die lewe as ‘n gratis geskenk.

2. WAARVAN MOET ONS GERED WORD?

(1) Ons moet van sonde gered word.

“Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.” – Romeine 3:23.

Om dit reguit te stel: Ons leef nie uit wat ons weet reg is nie. ‘n Ouer wat onder druk verkeer, kan ontplof en emosionele skade aan sy kind doen. ‘n Persoon kan woedend kwaad word vir ‘n ander bestuurder op die pad en byna ‘n ongeluk veroorsaak. ‘n Student kan gegrief voel en lelike dinge van ‘n mede-student rondvertel. ‘n Sakeman kan beplan om te *vergeet* van ‘n sekere bron van inkomste wanneer dit tyd is vir belasting opgawes. *Almal het sonde gedoen*; dit is die toestand van die mens.

Hoe beskryf die Bybel sonde?

“Alle ongeregtigheid is sonde.” 1 Johannes 5:17.

Ons moet gered word van allerhande ongesonde gewoontes en drange: om leuens te vertel, kwaadwillige woede, wellus, bitterheid, om maar net ‘n paar te noem.

“Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.” – 1 Johannes 3:4.

Ons het dus nodig om van sonde – die verbreking van God se geboorte – gered te word.

(2) Ons moet gered word van ‘n gebroke verhouding met God.

“Maar julle ongeregtighede het ‘n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg.” – Jesaja 59:2.

Sonde wat nie vergewe is nie, verbreek ons verhouding met God. Christus het gekom om ons vertrouwe in God te herstel, dit wat Satan ondermyn het.

(3) Ons moet gered word van die ewige dood – die straf vir sonde.

“Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het, en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het.” – Romeine 5:12.

(4) Ons moet gered word van ‘n sondige, ongelukkige, leë lewe.

Vir die sondaar is die lewe ‘n dood-loop straat.

(5) Ons moet gered word van ‘n sondige wêreld.

Ons moet gered word van ‘n wêreld vol van sonde en sy gevolge – hartseer, ellende, eensaamheid, oorlog, siekte en dood!

3. WIE KAN ONS RED?

Slegs Jesus kan ons red.

(1) Jesus kan ons verlos van sonde.

“En jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.” – Mattheus 1:21.

‘n Hindoe het aan sy vriend wat ‘n Christen is, vertel: “Ek het baie dinge in Hindoeïsme gevind wat nie in die Christelike geloof is nie, maar daar is een ding in die Christelike geloof wat Hindoeïsme nie het nie – ‘n Verlosser.” Die Christelike geloof is die enigste geloof in die wêreld wat aan mense ‘n Verlosser bied.

(2) Jesus kan ons verlos van ons gebroke verhouding met God.

“Dat julle in dié tyd sonder Christus was, ... sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.” – Efesiërs 2:12, 13.

Jesus is die perfekte Vriend om ‘n verhouding mee aan te knoop. Hy is lief daarvoor om die beste in ons na vore te bring. “Deur die bloed van Christus” word ons lewe van die verlede wat vol sonde was, vergewe, en dag na dag gee Hy aan ons Sy aanvaarding, die krag oor sonde en Sy volmaakte lewe. Ons weet Hy sal daar wees om ons weer op te tel as ons geval het. Ons liefde vir Hom veroorsaak weer ‘n begeerte om so te lewe dat dit Hom sal behaag.

(3) Jesus kan ons verlos van die ewige dood, die straf vir sonde.

“Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.” – Romeine 6:23.

Ons het almal die wet oortree en is tot die dood veroordeel. Die straf vir sonde is die dood. Jesus red ons van die ewige dood en gee aan ons die ewige lewe.

“Maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.” – Romeine 5:8.

As gevolg van Sy onfeilbare liefde, het Jesus “vir ons gesterf.” En omdat Hy vir ons gesterf het en al die gevolge van die sonde gely het, kan God nou sondaars vergewe en aanvaar sonder om die sonde minder te maak.

(4) Jesus kan ons verlos van ‘n sondige, ongelukkige lewe.

“Daarom as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel, die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.” – 2 Korintiërs 5:17.

Ons kan nie onself van sonde red nie, of ons sondige natuur op ons eie probeer verander nie, net soos ‘n leeu nie self kan besluit om ‘n lam te word nie (Romeine 7:18). Sonde is eenvoudige sterker as ons wilskrag. Maar Christus is in staat om ons “met krag (te) versterk ... deur sy Gees in die innerlike mens” (Efesiërs 3:16). Hy werk om ons vernietigende gewoontes te vervang met Sy gesonde eienskappe: liefde, vrede, vreugde, vriendelikheid, selfbeheersing (Galasiërs 5:22, 23). Christus leef Sy lewe deur ons, en ons ontvang geestelike genesing, herstel en ‘n nuwe lewe.

Harold Hughes het moed opgegee om ooit te verander. Hy het baie maal desperaat probeer om op te hou drink. Hy het maar net te goed geweet dat sy stryd met die bottel tien jaar van hel vir sy vrou en twee dogters beteken het. En daarom het hy een koue oggend in sy bad geklim en ‘n geweerloop in sy mond gesteek. Voordat hy die sneller getrek het, het hy besluit hy beter dit eers alles aan God verduidelik. Daardie gebed het verander in ‘n lang, snikkende oproep om hulp.

En God het geantwoord. Harold Hughes het ‘n belofte aan Christus gemaak en het die geestelike krag gevind om deur te druk. Hy het vir goed opgehou met drink, en het ‘n liefdevolle, betroubare

eggenoot en vader geword en het gegroei totdat hy tot die Senaat van die VSA gekies is. Harold Hughes het die grootste veranderende krag in ons wêreld ontdek – Jesus!

(5) Jesus kan ons verlos van ‘n sondige wêreld.

Die volgende vier ONTDEK gidse sal verduidelik hoe.

4. ONS WORD GERED DEUR DRIE EENVOUDIGE STAPPE TE VOLG

Stap 1. Vra Christus om te sorg vir die sonde in jou lewe.

Wat is ons deel om ontslae te raak van ons sondige lewe?

“Kom dan tot inkeer en BEKEER JULLE, sodat julle sondes uitgewis kan word.” – Handeling 3:19.

Wat lei ‘n persoon tot bekering?

**“DIE GOEDERTIERENHEID VAN GOD (LEI) JOU TOT BEKERING” – Romeine 2:4.
“Omdat julle BEDROEF WAS ... TOT BEKERING.” 2 Korintiërs 7:9.**

Bekering is eenvoudig om jammer te voel vir ons vorige lewe van sonde, om dan weg te draai van ons sondes, en die ou gewoontes, gebruike en houdings te verbreek. Dit is nie hartseer bloot omdat ons die straf vrees nie, maar ‘n respons op *God se goedheid* wat Jesus gelei het om in ons plek vir ons sondigheid te sterf. Ons verwerp die sonde omdat dit God seermaak.

HOE ONS ‘N NUWE LEWE VAN CHRISTUS ONTVANG

1. **Ons glo in Hom en ontvang Hom as Verlosser en Heer.**
2. **Ons begin ‘n verhouding met Hom. (‘n Gereelde tyd om te bid en die Bybel te lees is noodsaaklik.)**
3. **Christus werk deur Sy Gees om ons slegte gewoontes te vervang met Sy goeie eienskappe.**

Wanneer ons ‘n nuwe lewe in Christus ervaar, moet ons sover moontlik probeer die verkeerde dinge van die verlede reg te maak. (Esegiël 33:14-16).

Wat is *God se deel* om ontslae te raak van ons ou sondige lewens?

Sowel bekering as om vergewe te word is ‘n gawe van God aan ons.

“Hom het God as Leidsman en Verlosser deur sy regterhand verhoog om Israel BEKERING en VERGIFNIS VAN SONDES TE SKENK.” – Handeling 5:31.

En wanneer ons tot bekering kom, vergewe ‘n liefdevolle Verlosser ons sonde, reinig ons van sonde en werp dit in die dieptes van die see.

“As ONS ONS SONDES BELY, HY IS GETROU en regverdig om ons DIE SONDES TE VERGEWE en ons van alle ongeregtigheid TE REINIG.” – 1 Johannes 1:9. (Kyk ook Miga 7:18, 19.)

Daar is geen sonde so erg dat die Verlosser wat vir ons sondes op die kruis van Golgota gesterf het, nie kan vergewe nie. Iemand wat in Jesus glo hoef Hom net te vra vir Sy vergifnis. Christus se dood in ons plek kan ons nie vergewe, tensy ons vra om vergewe te word nie. Dit is ‘n ontstellende gedagte om te besef dat ons sondes gehelp het om daardie spykers deur Christus se hande en voete te dryf. En tog is Jesus gretiger as wat ons dink dat ons Sy geskenk van vergifnis en herstel moet aanneem.

‘n Jong man wat van die huis af weggeloop het, het die tyding ontvang dat sy moeder op sterwe lê. Die nuus het hom met weersin vervul omdat hulle verhouding verbreek was. Hy het hom huis toe gehaas en by haar kamer ingestorm waar hy op sy moeder se bed neergeval het. Deur ‘n stortvloed tranes het hy haar gesmeek om hom te vergewe.

Sy het hom styf vasgehou en gefluister: “My seun, ek sou jou lankal vergewe het as jy net *gevra* het.”

As jy weggedryf het van God - of as jy Hom nog nie leer ken het nie – dink asseblief daaraan hoe gretig jou liefdevolle hemelse Vader is om jou tuis te verwelkom. Hy wil meer as enigiets hê dat jy Sy aanbod van vergifnis moet aanvaar. Jesus het jou lief. Hy het vir jou gesterf. Hy is altyd gewillig om jou te vergewe. Reageer dus op Sy liefdevolle, gendadige uitnodiging om jou te bekeer. Bely jou sonde. Glo eenvoudig dat God jou vergewe, en Hy sal. Vertrou op Hom! Vertrou op Sy beloftes.

Stap 2. Ontvang ‘n nuwe lewe van Jesus

Jou deel om ‘n nuwe lewe van Jesus te ontvang is om te glo dat Jesus jou werklik gered het. Aanvaar sonder twyfel die feit dat Hy jou vergewe het en jou gereinig het, en jou ou sondige lewe weggeneem het, en aan jou ‘n geheel nuwe en veranderde lewe gegee het.

“Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo.” – Johannes 1:12.

As ‘n kind van God, het jy *die reg* om ‘n nuwe lewe van Jesus te ontvang. Soos ons gesê het, jy kan dit nie op jou eie doen nie – dit is ‘n geskenk van jou Hemelse Vader! Jesus gee so ‘n absolute belofte sodat ons van ons onsekerhede en twyfel ontslae kan raak.

Wat is God se deel in ons nuwe lewe?

“Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” – Johannes 3:3

Volgens Jesus word ‘n sondaar wat tot bekering gekom het en glo, in werklikheid in ‘n nuwe lewe gebore. Dit is ‘n wonderwerk wat net God kan bewerkstellig. Hy belowe:

“En Ek sal julle ‘n nuwe hart gee en ‘n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle ‘n hart van vlees gee.” – Esegël 36:26.

Jesus verander ons harte – ons gevoelens en gedrag – en woon *in ons* (Kolossense 1:27). Hierdie nuwe lewe is nie net ‘n mooi, geestelike idee nie; dit is harde, egte feite, ‘n opstanding van die geestelike dood na ‘n totaal nuwe lewe en bestaan.

Stap 3. Lewe elke dag vir Jesus

Die Christen se lewe bestaan uit ‘n daaglikse wegdraai van selfsug, en ‘n daaglikse binding met Jesus as ons liefdevolle Vriend. Ons groei in hierdie nuwe lewe deur ons verhouding met Jesus te versterk. Dit beteken ons spandeer kwaliteityd saam met Hom, en bou eerlike en oop kommunikasie. God het aan ons vyf goddelike hulpmiddels gegee vir geestelike groei: Bybelstudie, gebed, bepeinsing, samesyn met ander Christene en om ons ondervinding met ander te deel.

Om in Christus te lewe beteken nie dat ons nooit foute maak nie. Maar wanneer ons struikel en val, kan ons vra vir Christus se vergifnis en steeds vorentoe gaan. Ons is in ‘n sekere rigting op pad, en ons weet dat Christus ‘n lewende teenwoordigheid in ons harte is.

5. DIE VREUGDE VAN DIE TWEDE KANS

Harold Hughes het gedurende sy uitmuntende loopbaan as 'n VSA Senator baie eerbetonings ontvang, maar die een wat die meeste vir hom beteken het, het hy ontvang kort nadat hy sy lewe aan Christus gegee het.

Harold was een aand alleen in sy woonkamer besig om sy Bybel te bestudeer, toe hy 'n stampie aan sy elmboog voel. Hy het opgekyk. Dit was sy twee klein dogtertjies wat doodstil in hulle nagklere gestaan het. Hy het vir 'n oomblik na hulle gestaar; hulle het so verander en hy het hulle so gemis tydens sy verpletterende worsteling met die bottel.

Toe sê Carol, die jonger een: "Pappa, ons het vir jou kom nagsoen."

Die vader se oë het wasig geword. Dit was so lanklaas dat sy kinders na hom toe gekom het vir sy omhelsing. Nou het hulle pragtige, helder ogies geen vrees getoon nie. Pappa het uiteindelik huis toe gekom.

Jesus gee waarlik aan mense 'n tweede kans. Hy neem die mees hopelose gevalle en skep daarmee 'n nuwe begin.

Die Heiland verlang daarna dat ons elkeen ook uiteindelik moet huis toe kom. Het jy al Christus se liefdevolle uitnodiging aanvaar? Om God se vergifnis en reiniging te ontvang is so eenvoudig en so groots soos om jou arms oop te maak vir 'n kind se omhelsing.

As jy nog nie jou vertrou in Christus geplaas het as jou persoonlike Saligmaker nie, kan jy dit nou dadelik doen deur die volgende te bid:

"Vader, ek is jammer oor my ou sondige lewe. Dankie dat U U Seun na hierdie wêreld gestuur het om in my plek te sterf. Jesus, vergewe asseblief my sondes en kom in my lewe en red my. Ek wil 'n tweede kans in die lewe hê – ek wil weer gebore word. Meer nog, ek wil 'n dag-tot-dag verhouding met U aangaan. Dankie dat U hierdie wonderwerk in my lewe verrig. In Jesus se naam, Amen."

Maak hierdie wonderlike ontdekking: Wanneer ons na Jesus kom, sal Hy ons red.